

Matie ingenieurs wen


Matie-ingenieurs het sowel die eerste as die tweede plek by die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) se jaarlikse Nasionale Innovasie-kompetisie verower. Dr Wernich de Villiers, 'n na-doktorale student in ingenieurswese het die eerste prys van R300 000 losgeslaan vir sy draagbare meetinstrument vir die instandhouding van die Line Trap – 'n onderdeel van die gespesialiseerde kommunikasiestelsel op oorhoofse hoogspanningslyne, terwyl Gerrit Smith die tweede prys (R200 000) gekry het vir 'n dompelbare waterpomp wat met sonkrag werk. Die wenners moet die geld gebruik om hulle patente wêreldwyd te bemark.

De Villiers was ook die Maties se interne wenner toe hy R50 000 gewen het. In albei gevalle gaan 25% van die prysgeld aan die betrokke akademiese departemente.

Oor sy prestasie het De Villiers gesê dat die krediet eintlik behoort aan die ondersteuningstrukture by die US wat van hoogstaande gehalte is. "Behalwe vir die ondersteuning wat ek van onder meer InnovUS, die Universiteit se afdeling wat innovasie ondersteun, gekry het, behoort baie van die eer aan my studieleier en mede-uitvinder, prof Johannes Cloete van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese."

Hy sê hy glo dat die innovasie wat met die Line Trap Tester gepaard gegaan het 'n groot verskil sal maak in die manier waarop die Line Trap in stand gehou word – nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. "Die metode is nie net veiliger nie, maar het ook tot gevolg dat die belangrike substelsel meer gereeld getoets kan word sonder om elektrisiteitsvoorsiening te onderbreek," sê De Villiers.

Vir Smith se bedryfsplan vir die ontwikkeling van die dompelbare waterpomp het hy insette van 'n Oudmatie, Johannes Strauss, ontvang. Smith is tans die besturende direkteur van Brink Biodiesel, 'n firma wat biodieselaanlegte vir die kommersiële mark ontwikkel.

Een van die toepassings van die pomp is vir landelike gebiede waar dit as 'n alternatief vir windpompe gebruik kan word. Die pomp word deur 'n lineêre motor gedryf en het geen roterende dele en geen wrywing soos in die geval van tradisionele motors nie. Die feit dat die pomp met sonkrag kan werk, maak dit ook besonder geskik vir Suid-Afrikaanse omstandighede. 

Die metode is nie net veiliger nie, maar het ook tot gevolg dat die belangrike substelsel meer gereeld getoets kan word sonder om elektrisiteitsvoorsiening te onderbreek.



• Kontak Wernich de Villiers per e-pos by wdevilrs@sun.ac.za en Gerrit Smith by tel 082 660 4747 of per e-pos by gerrit@brinkbiodiesel.co.za vir meer inligting

Dr Wernich de Villiers (middel), wenner van die DWT se jaarlikse Nasionale Innovasie-kompetisie, het R300 000 ontvang om sy patent, die Line Trap Tester, internasionaal te bemark. By hom is dr Eugene Lottering, Uitvoerende Direkteur van die Innovasiefonds, en mnr Mosibudi Mangena, die Minister van Wetenskap en Tegnologie.